Arbor
Fairland Pre-Primêr

bostelegraaf
Episode 5

Een keer om die son

Herinnering vir episode 5

Soms is die eenvoudigste speletjie die mees opwindende.
'n Heerlike, kreatiewe en morsvrye aktiwiteit, vir buite, is om teen die buitemure of op jou stoep met water te verf.
Dis perfek vir sonnige dae en die maatjies word gefassineer deur hoe die water donker kolle maak en dan weer stadig verdwyn soos dit droog word. Geniet hierdie aktiwiteit saam met jou kleuter en skep saam herinneringe!

9 Mei:

Spesiale Moedersdagviering by Arbor

Die Moedersdagpiekniek by Arbor is vir elke **mamma** altyd ‘n baie spesiale geleentheid. Op Vrydag 9 Mei is elke mamma bederf - dié keer met ’n kreatiewe en feestelike plaasmark-deli as tema. Die tuin is in ware plaasstyl versier.

Mammas is met liefde verwelkom en het die geleentheid gehad om hul piekniekmandjies met ’n verskeidenheid heerlike eetgoed, gebak, vars produkte en deli-lekkernye te vul.

Die musiek van Danny van *Twee* het sag in die agtergrond gespeel en ’n rustige, feestelike stemming geskep. Kleuters het met trots en opgewondenheid saam met hul mammas piekniek in Arbor se tuin gehou. Dit het ’n kosbare geleentheid geskep vir gehalte-tyd tussen mamma en kind.

Tydens die piekniek is die skool se nuwe plaaswerf amptelik as “Kleinfontein” geopen en ingehuldig - ’n pragtige ruimte wat groei, leer en liefde vir die natuur bevorder.

Om die dag ekstra spesiaal te maak, is daar ook gelukkige trekkings met heerlike pryse gehou. Dit het ekstra opwinding aan die dag se verrigtinge wat die kleuters self uit Arbor se plaaswerf kruietuin gepluk het - ’n unieke en persoonlike geskenk wat beslis elke mamma se hart gesteel toegevoeg en vir heelwat glimlagte gesorg.

Een van die mees spesiale oomblikke van die dag was toe die maatjies hul eie blomhouer ("flower frog")-geskenkies saam met hul mammas rangskik het.
Die houertjies is met vars kruie gevul het.

Dié Moedersdagviering was veel meer as net 'n piekniek. Dit was 'n dag van dankbaarheid, saamwees en koestering. Baie dankie aan elke mamma, juffrou en kleuter wat hierdie spesiale dag onvergeetlik gemaak het.

13 Mei: Plaaspret by Arbor

Dit was 'n opwindende oggend toe **The Farm Corner** by Arbor kom kuier het en 'n stukkie plaaslewe saamgebring het.

Die kleuters is met opgewondenheid gevul en het die geleentheid vvgekry om plaasdiere van naby te sien en selfs meer oor hulle te leer.

Daar was hoenders, eende, 'n miniatuur koei, 'n ponie, 'n donkie en selfs 'n varkie! Die kleuters het met groot verwondering geluister terwyl die span van **The Farm Corner** meer oor elke dier vertel het.

Daarna kon die maatjies self die diere voer en van nader leer ken. Hulle kon ook op die ponie ry. Dit was hope pret en 'n wonderlike leerervaring vir elkeen.

Baie dankie aan **The Farm Corner** vir die besoek en vir die vreugde wat julle saam met julle diere gebring het.

Ons hoop julle kom gou weer!

15 Mei: Tannie Dezi verjaar!

Baie geluk Tannie Dezi!

Dankie tannie Dezi dat jy altyd vriendelik en vol energie is. Jy maak elke musiekles ‘n fees met sang, dans en lag en die maatjies is mal oor jou!

Dankie dat jy soveel vreugde bring. Jy is ‘n ster in ons oë! Ons waardeer jou!

Interessante feite oor Tannie Dezi

Gunsteling kleur: Groen/Blou
Gunsteling gereg: Sop, bredies en Ma se kos
Gunsteling fliek: Dirty Dancing
Gunsteling liedjie: Eidelweiss van Sound of Music
Gunsteling plek in die wêreld: Suid-Afrika/enige plek langs die see
Stokperdjies: Hekel en leer klavier speel

16 Mei: Tannie Idah verjaar!

Baie geluk tannie Idah!

Dankie vir alles wat jy elke dag met soveel liefde en geduld doen. Jy help altyd met ’n glimlag, praat sag en mooi met die maatjies, en is altyd daar om te speel, te leer en te troos.

Ons is baie lief vir jou en jy maak ’n groot verskil in elke maatjie se dag.

16 Mei: Bak-en-Brou

Daar is niks so lekker as om te bak en brou nie.
Ons maatjies het hul voorskote aangetrek en met groot blydskap ‘n lekker bak-en-brou aktiwiteit aangepak.

Daar is gemeng, gerol, gesmeer en “geplak” - en natuurlik geëet!

23 Mei: Opedag

Op Vrydag, 23 Mei 2025, het Arbor ons deure vir voornemende ouers en kleuters oopgemaak om self te kom ervaar hoe ’n dag in die lewe van ’n Arbor-kleuter lyk.

Met begeleide deurloop-sessies het besoekers die kans gekry om die skool se vriendelike personeel te ontmoet, die kreatiewe klaskamers te verken en eerstehands te sien hoe Arbor-maatjies in ’n gemaklike en huislike atmosfeer speel, leer en groei.

Baie dankie aan almal wat die dag saam met ons kom deel het.

As jy dit gemis het, hou gerus ons webtuiste en sosiale media dop vir die volgende geleentheid.

Kontak Arbor
Fairland Pre-Primêr

Cornelissstraat 137, Fairland
011-678-5336
admin@arborfairland.com
www.arborfairland.com

23 Mei: Tuinbou

Tuinboupret by Arbor!

Die Eike- en Sederklasmaatjies het hul hande lekker vuil gemaak en as deel van hul tuinbou-aktiwiteit geleer om goed vir die natuur en ons geveerde vriende te sorg. Met groot vreugde het hulle appels met grondboontjiebotter gesmeer en dit in voëltjiesaad gedruk.

Die appels is toe buite in die bome opgehang, perfek vir honger voëltjies wat wil feesvier!

Wel gedaan aan ons Eike- en Sederklasmaatjies. Julle het beslis ’n paar voëltjies baie gelukkig gemaak!

24 Mei:
Tannie Melissa verjaar!

Baie dankie vir alles wat jy elke dag vir ons doen.

Dankie vir jou geduld, liefde en die manier waarop jy elke maatjie laat tuis voel. Jy is altyd daar met ‘n glimlag, ‘n helpende hand en ‘n warm hart.

Ons waardeer jou ongelooflik baie!

> “Let your smile change the world, but don’t let the world change your smile.”

Interessante feite oor Tannie Melissa

Gunsteling kleur: Alle groen kleure
Gunsteling gereg: Tuisgemaakte chips, vleis en groenslaai
Gunsteling fliek: The Notebook
Gunsteling liedjie: Toe vind ek jou, van Karen Zoid en Francois van Coke

29 Mei: Hemelvaartdag

Die Arbor-maatjies het op Donderdag 29 Mei 2025 Hemelvaartdag gevier. Dit was ’n spesiale en betekenisvolle oomlik toe Hemelvaartdag gevier is. Almal het bymekaargekom vir ’n besondere saalopening wat deur Juffrou Marelize aangebied is.

Met ’n rustige atmosfeer het Juffrou Marelize die maatjies op ’n eenvoudige en verstaanbare manier vertel van Jesus se hemelvaart en hoe Hy ná sy opstanding na die hemel opgevaar het en aan sy dissipels beloof het dat Hy altyd by ons sal wees.

Die kleuters het stil geluister en met opregte belangstelling deelgeneem. Dit was baie spesiaal om die geleentheid saam met elke Arbor-maatjie te kon deel.

29 Mei:

Kreatiewe Aktiwiteitsdag: Armbande uit die natuur.

Die maatjies by Arbor het aan ’n kreatiewe en prettige natuuraktiwiteit deelgeneem wat vir groot opgewondenheid gesorg het.

Elke maatjie het ’n stukkie kleefband om hul armpie gekry, met die gomkant na buite. Daarna het hulle in die tuin gaan stap om mooi goedjies soos blare, blommetjies, sand, klein takkies en selfs stukkies gras uit die natuur te versamel.

Alles wat hulle gevind het is op die kleefband geplak om ’n unieke natuurarmband te maak.
Die maatjies het dit vreeslik geniet om hul eie natuurkunswerke saam te stel en sommer so tussendeur meer oor die verskillende teksture, kleure en vorms in die natuur geleer. Die armbande was nie net pragtig nie, maar ook ’n herinnering aan hoe spesiaal en vol verrassings die natuur is.

Goed gedoen maatjies, julle is ware natuurkunstenaars!

9 Mei: Pantoffeldag

Op Vrydag 30 Mei 2025 was daar groot opgewondenheid by Arbor. Die maatjies en juffrouens het die geleentheid gekry om in hul slaapklere en pantoffels vir Pantoffeldag by die skool op te daag! Pantoffeldag is deel van die Reach for a Dream-inisiatief.

Reach For a Dream is ’n organisasie wat al lank in Suid-Afrika bestaan. Hulle help kinders wat ernsig siek is om hul drome te laat waar word en bring hoop en vreugde wanneer dit moeilik gaan. Die maatjies het dit baie geniet om mekaar se snaakse en oulike slaapklere te sien en kon sommer heel gemaklik deur die dag leer en speel.

Dankie aan almal wat deel was van die pret om hierdie projek te ondersteun.

30 Mei: Welkom Josef!

Arbor is trots om vir Josef (Jovis, soos sommige maatjies sê) die waghond by sy nuwe huis te verwelkom!

Elke oggend wanneer die son opkom, staan Josef getrou by die voordeur en groet elke maatjie met ’n warm glimlag. Hy kyk elke maatjie wat by die deur inkom in die oë. Sommige maatjies hardloop reguit na hom toe, gooi hul arms om sy lyf en fluister geheime in sy ore. Ander gee net ’n vinnige “Hallo Josef!” op pad na hul klassies. Al is hy stil en stewig, bring hy ’n gevoel van rustigheid en hy sorg

Hy hou wag. Hy luister. Laatmiddag, wanneer die laaste maatjie vertrek, kyk hy nog lank na die hekke en maak seker dat almal veilig is, want dis wie Josef is, Arbor se wagterhond, kindervriend en stil metgesel.
Met sy groot ore wat altyd luister en sy sagte oë wat alles raaksien, het Josef sommer vinnig ’n spesiale plek in almal se hart gekry. Hy is nie net ‘n gewone hond nie, hy is nou deel van die Arbor-familie.

dat almal veilig en gelukkig is.

Welkom, Josef. Jy is waar jy hoort!

Temas

Hier is die temas wat ons hierdie maand gedoen het.

5 - 9 Mei :	**My Mamma**
12 - 16 Mei :	**Boerdery**
19 - 23 Mei :	**Skape en Wol**
26 - 30 Mei :	**Koeie en Melk**

Baie dankie aan Juf. Erika vir Episode 5 van Eenkeer om die son

Arbor
Fairland Pre-Primêr